MANDAAT

Kaap Agri Beperk
Registrasienommer: 2011/113185/06

en

Agri Voedsel Beperk
Registrasienommer: 2007/015880/06

Parafeer asb hier

MANDAAT

Ooreenkoms aangegaan tussen:

Kaap Agri Bedryf Beperk
Registrasienommer 1998/000336/06
Voortrekkerweg 33, Malmesbury
(aan die een kant)

en

_____
(Die kliënt)

met die volgende besonderhede:
(aan die ander kant)

ID No: _____ of Reg No: _____

Inkomstebelasting Nommer: _____

Fisiese adres: _____

_____

_____

Posadres: _____

_____

_____

Tel. No.: _____

Sel No.: _____

Bankbesonderhede:

Rek. No.: _____ Taknaam: _____

Banknaam : _____ Takkode: _____

Rekeningnaam: _____

Mandaat

Parafeer asb hier

1. Die kliënt magtig hierby vir Kaap Agri Bedryf Beperk om namens die kliënt en as die kliënt se agent transaksies aan te gaan vir die koop of verkoop van aandele in Kaap Agri Beperk en/of Agri Voedsel Beperk.

2. Die kliënt magtig hierby die Groepsekretaris ex officio en/of die Finansiële Direkteur van die Kaap Agri Groep om alle dokumente wat nodig mag wees om oordrag te bewerkstellig te onderteken en hierdie mandaat uit te voer.

3. Die kliënt onderneem om die optrede Kaap Agri Bedryf Beperk in terme van hierdie mandaat te bekragtig.

4. In die geval waar aandele verkoop word bevestig die kliënt dat die aandele die kliënt se uitsluitlike eiendom is, nie op enige wyse beswaar is of aangebied is vir sekuriteit nie, en dat derdes geen regte ten opsigte van die aandele het nie.

5. Die kliënt waarborg dat die kliënt geen binnekennis het soos gedefinieer in Wet 36 van 2005 nie en vrywaar Kaap Agri Beperk en/of Agri Voedsel Beperk en/of Kaap Agri Bedryf Beperk en hulle personeel en beamptes teen enige skade, verliese of aanspreeklikheid wat hulle mag opdoen as gevolg van ‘n verbreking van hierdie waarborg.

6. Die kliënt waarborg dat in geval van die koop van aandele, die fondse en die bron van sodanige fondse wettig is en nie direk of indirek die opbrengs van enige onwettige aktiwiteit is nie (insluitend sonder beperking, enige oortreding van die Suid-Afrikaanse Valutabeheer Regulasies), soos gedefineer in die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, No. 121 van 1998, soos gewysig en die Wet op Finansiële Intelligensie Sentrum, Wet No. 38 van 2001

7. Die kliënt vrywaar Kaap Agri Bedryf Beperk en stel die maatskappye hiermee vry wat betref enige inkomstebelasting of ander belasting of heffing van welke aard ookal ten opsigte waarvan die kliënt aanspreeklik mag raak of wat betaalbaar mag raak, na aanleiding van enige aksies namens die kliënt deur Kaap Agri Bedryf Beperk geneem in terme van hierdie mandaat, en in besonder belasting op rente op kontant deur Kaap Agri Bedryf Beperk namens die kliënt gedeponeer in terme van hierdie mandaat.

8. Die kliënt vrywaar die maatskappy asook enige derde partye met wie die maatskappy namens die kliënt mag kontrakteer teen:

   - enige verliese gely ten behoewe van of deur die kliënt as gevolg van of voortspruitend uit enige bona fide transaksies aangegaan in terme van hierdie mandaat, en
   - enige en alle eise, skade, aanspreeklikheid, koste en onkoste insluitend redelike prokureursgelde wat ingestel wag word teen die maatskappy uit hoofde van die bedryf van die kliënt se rekening.

9. Kaap Agri Bedryf Beperk is nie gevrywaar van aanspreeklikheid vir verliese gely deur die kliënt as gevolg van bedrog, diefstal, growwe nalatigheid of oneerlikheid deur die maatskappy of die maatskappy se personeel of amptenare nie.

Desnieteenstaande aanvaar die maatskappy geen verantwoordelikheid vir enige bedrog, diefstal, oneerlikheid of growwe nalatigheid aan die kant van enige derde partye waarna hierbo verwys is of sodanige derde partye se werknemers nie. Die maatskappy aanvaar ook geen aanspreeklikheid in die geval van sodanige derde partye se insolvensie, sekwestrasie of likwidasie nie.

10. Die kliënt stem toe dat enige telefoongesprek tussen die kliënt en enige lid van Kaap Agri Bedryf Beperk se personeel opgeneem mag word en bevestig dat dit aanvaarde praktyk is en gedoen word om enige moontlike dispute wat mag ontstaan tussen die partye te help oplos.

11. Waar bevestiging van ‘n transaksie by wyse van elektroniese medium aan die kliënt gestuur word, sal Kaap Agri Bedryf Beperk nie teenoor die kliënt of enige ander persoon wat die bevestiging ontvang, aanspreeklik wees vir direkte, indirekte of gevolglike aanspreeklikheid, verlies, skade of koste van enige aard voortspruitend uit die feit dat die bevestiging by wyse van elektroniese medium geskied het nie, ongeag of dit mag voortspruit uit die vernietiging van data, stelsel wanfunksie, onderbreking van kommunikasie of enige ander probleem waaroor Kaap Agri geen beheer het nie.

12. Die partye kies as hulle onderskeie domicilia citandi et executandi vir doeleindes van die betekening van alle kennisgewings en dokumente hulle onderskeie fisiese adresse soos wat dit verskyn in hierdie mandaat, of sodanige fisiese en posadres wat enige van die partye skriftelik mag aandui, met dien verstande dat enige veranderinge eers effektief sal word (10) tien dae vanaf sodanige kennisgewing.

13. Die kliënt kan met (5) vyf dae vooraf skriftelike kennisgewing hierdie mandaat herroep welke herroeping effektief sal wees by verstryking van die (5) vyf dae periode.

14. Die kliënt erken dat vereffening nie gewaarborg word nie en dat geen waarborg verskaf word dat vereffening binne ‘n bepaalde tyd sal geskied nie.

15. Wanneer ‘n prys waarteen aandele verkoop moet word of gekoop moet word, deur die kliënt vasgestel is, sal die aandele teen daardie prys in die mark aangebied word, of ‘n aanbod teen daardie prys ingesit word, met dien verstande dat die aandele uit die mark gehaal sal word indien dit nie binne (3) drie maande verkoop word of ‘n transaksie binne (3) drie maande plaasvind nie.

16. Kaap Agri Bedryf Beperk sal geregtig wees om sy fooie te verhaal van die kliënt of dit terug te hou uit die opbrengs van gelde ontvang, en is ook geregtig om die fooie te wysig van tyd-tot-tyd.

17. Die kliënt bevestig dat daar sekere risiko’s gekoppel is aan die gebruik van e-pos, pos en/of fakse, en vrywaar Kaap Agri Bedryf Beperk teen enige verlies of skade voortspruitend uit die gebruik van fakse, pos of e-pos.

18. Hierdie mandaat bevat al die terme en voorwaardes wat die verhouding tussen Kaap Agri Bedryf Beperk en die kliënt sal reël. Daar bestaan nie enige

voorwaardes, terme, waarborge of voorstellings met betrekking tot die onderwerp van die mandaat wat nie vervat is in hierdie mandaat nie.

19. Hierdie mandaat kan slegs by wyse van skriftelike ooreenkoms tussen die partye gewysig of verander word.

Geteken te _____ op hierdie _____ 20__.

Vir kliënt
Getuie:

_____

_____ _____
(Naam van getuie) **(Handtekening: vir Kliënt)**

Vir Kaap Agri
Getuie:

_____ _____
(Handtekening: vir Kaap Agri Bedryf Beperk)

_____
(Naam van getuie)